

**Vra vir jouself...**

**”Is ek reg vir wanneer Jesus gaan kom?”**

**”Het ek vrede met die feit dat Jesus oppad is en enige tyd Sy kinders kan kom haal?”**

**“Ek wonder of ek reg is vir Jesus...”**



**Ons kyk vandag na Jesus se gelykenis oor die 10 meisies...**

**Lees Matteus 25:1-13 saam deur, en bespreek elke punt wat vir jou uitstaan.**

**Matteus 25:1-13**

**Die profetiese rede: die gelykenis van die tien meisies**

1“Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe
gevat het om die bruidegom te gaan inwag. 2Vyf van hulle was onverstandig en vyf
verstandig. 3Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle
saamgevat nie, 4terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat
het. 5Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.
6“In die middel van die nag was daar 'n geroep: ‘Hier kom die bruidegom! Gaan hom
tegemoet!’ 7Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg. 8Die onverstandiges sê toe
vir die verstandiges: ‘Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.’ 9Maar die
verstandiges antwoord: ‘Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel
toe en koop vir julle olie.’ 10“Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom
gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is
gesluit. 11“Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons
oop!’ 12Maar die bruidegom antwoord: ‘Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!’
13“Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.”

## Bespreek die volgende punte...

- Die 10 meisies (5 verstandig & 5 onverstandig)
- Die Lampe
- Die Olie
- Die Bruilof
- Die Bruidegom



**Vat die tekdgedeelte en dink na oor elke vers...**

**Wat hoor jy?**

**Wat sê Jesus hier?**

**Hoor jy die waarskuwing?**



**Het jy genoeg Olie in jou lamp?**

**Dink bietjie saam...**

**Hoe kan ek myself voorberei vir wanneer Jesus weer kom?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS